

# KOMMUNIKAMMA



## TEKS vir die WEEK:

**Rom 8:31** "Wat is die gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?"

**Psalm 105:4** "Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig Sy teenwoordigheid."

## SAKE vir GEBED:

**Dit is lentedag. Bid vir 'n nuwe seisoen van groei en lewe in die natuur en in elkeen van ons se lewe.**

- Dra Yvette Nel en haar familie aan die Here op met die afsterwe van haar ma.
- Hou aan om vir Peet Viljoen te bid.
- Ons bid vir al ons gemeentede wat tuis versorg word en hul dierbares.
- Bid dat die Here die 7-Weke Reeks sal gebruik om ons nader aan Hom te trek en meer soos Hy te vorm.
- Ons dank die Here vir elkeen van Sy kinders wat lig en sout is te midde van korrupsie, geweld, bendegegeweld, brande, verwoesting, plundering en moorde in ons land. Mag Sy koninkryk hier kom.
- Dra steeds die bouprojek aan die Here op. Ons oë is op Hom gevestig.
- Loof die Here vir al die oop harte en hande vir die uitreik na Egipte. Bid dat elke dame wat saamgaan nou al Vader se hartklop vir diegene wat hul gaan ontmoet en bedien, sal hoor.
- Soek saam die aangesig van die Here vir die voortslepende droogte in ons land. Bid dat Hy aan ons en die boere genade sal betoon.
- Bid vir ons matrieks wat besig is om rekordeksamen te skryf. Mag God hulle wysheid gee om dit wat hulle ingeneem het te kan weergee.
- Bid vir die 10 gemeentes in die ring van Algoa wat van vandag tot Woensdagaand by Grasvoëlkop gemeente ringsitting hou.
- Bid hierdie week saam met Christenbekeerlinge in Jordanië wat deur familieledede mishandel word en deur die polisie ondervra word.  
Bid vir hulle beskerming en genesing.

# SONDAG 1 SEPTEMBER 2019

**08:30** Eietydse diens in saal

**09:45** Kategese uitreik

**10:00** Klassieke diens in saal

*Ons verwelkom vandag vir dr Jurie Vermeulen, FEBA se Nasionale direkteur en Bright Sonjera, Radio FOT (Fountain of Truth – Mosambiek) by ons.*

**Deurdankoffer vir Instituut vir Dowes**

**Daar is Kerkbodes by die deure beskikbaar**

**Teebeurt vandag: Vergeet my nie sel**

**Teebeurt vlg week: Madeliefie en Protea selle**

---

## MAANDAG 2 SEPTEMBER

**09:30** Nagmaal Kraggakamma uitspanning.

**12:45** Gebedskild in gebedskamer.

## DINSDAG 3 SEPTEMBER

**11:00** Nagmaal Stella Londt.

## WOENSDAG 4 SEPTEMBER

**10:00** Nagmaal CP Bradfield.

## VRYDAG 6 SEPTEMBER

**05:00** Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

**Sondag 8 September om 18:30 gesamentlike aanddiens van die ring by Grasvoëlkop.**

**Almal welkom.**

## LOUISA MEYBURGH TEHUIS BASAAR

Die Tehuis hou basaar op **7 September 2019** om 09:00 by Assenburgstraat, Kabegapark. Enige bydraes of hulp is baie welkom. **Ons kerk is verantwoordelik vir hulp by die pannekoek en naaldwerk tafels.**

Kontakpersone is Marlene Postma (0413605243) of Ansie Vorster (041-3794169).

Die Tehuis benodig ook op 'n gereelde basis toiletware soos seep, skeermesse, pleisters, babapoeiers, ens. Handig enige bydraes by die kerkkantoor in asb.

## KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

## KERKRAADSLEDE HERKIES

Ouderlinge: Gert Harmse, James von Wielligh.

Diakens: Hennie Bakkes, Dossie Nortje, Juanita van Rooyen en Johan van der Mewe.

## ALGOA GEMEENSKAPSKERK BYBELPROJEK

Algoa Gemeenskapskerk het 'n Bybelprojek waar hulle tweedehandse Bybels aan minderbevoorregte mense, kinders by Laerskool Piet Retief en aan die jeug van die gemeente wil uitdeel.

Indien jy Bybels in jou huis het wat jy nie gebruik nie, of 'n donasie wil maak, kan jy dit by die kerkkantoor inhandig.

### **NUWE LIDMATE**

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

[kuberkamma@ngkraggakamma.co.za](mailto:kuberkamma@ngkraggakamma.co.za)

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: [www.ngkraggakamma.co.za](http://www.ngkraggakamma.co.za).

### **ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK**

Die Kamp vir egpare vind plaas op 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei. Kontak Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of whatsapp indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings, kontak vir Sonja.

**Verblyf:** Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir 7 pare, asook vir 4 tente/karavane op die gronde teen R85 per persoon per nag. Daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

**Kamp koste:** R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

### **KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER**

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting.

Ons is ook op soek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

### **CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD**

Die CMR vier hierdie jaar 75 jaar van genade. Saam met hulle dank ons die Here.

Die CMR is 'n maatskaplike hulp en ondersteuningsorganisasie wat deur die NG Kerk gestig is. Hulle omskryf hulle roeping met die drie letters van die CMR soos volg: "Caring, Mentoring and Restoring." Die gemeente het verlede jaar die CMR met R23 400 ondersteun. Indien jy op enige manier by die CMR wil betrokke raak of hulle wil ondersteun kan jy hulle kontak by 041-4843554, [cmr-pe@webafrica.org.za](mailto:cmr-pe@webafrica.org.za) of hulle besoek by Mount Road 16.

Hulle jaarverslag is ter insae in die kerkkantoor beskikbaar.

### **GEOUDITEERDE STATE**

Die gemeente se state vir die vorige boekjaar is op die kerksaatsvergadering goedgekeur. Die state toon 'n gesonde surplus. Ons dank die Here en elkeen van sy kinders wat Hom uit dankbaarheid, ook met hulle finansies, dien. Ons doen 'n beroep op elkeen om steeds die Here te dien met die eerste deel van die gawes waarmee Hy ons seën. Ons is nie in die besigheid van wins maak nie. Hoe groter ons inkomste, hoe groter verskil kan ons in die wêreld maak.

Die state is ter insae in die kerkkantoor beskikbaar.

### **MTR SMIT'S GOT TALENT COMPETITION**

MTR Smit nooi almal uit na hul jaarlikse talent kompetisie op **13 September** om 17:45 vir 18:00 by MTR Smit se saal.

RSVP voor 11 September @ [hester@mtrsmits.co.za](mailto:hester@mtrsmits.co.za).

### **VANDAG IS BIDDAG VIR DOWES**

Doofheid is 'n onderskatte gestremdheid. Dowes se grootste probleem is kommunikasie. Helen Keller het gesê: "Dowes is afgesny van mense en Blindes van dinge." Elke woord wat Dowes ken, moes hulle aanleer. 'n Volwasse mens wat kan hoor, het 'n natuurlike woordeskat van meer as 8 000 woorde, terwyl 'n dowe persoon 'n woordeskat van 2 000 of minder woorde het. Die taal, kultuur en verwysingsraamwerk van Dowes verskil aansienlik van dié van horende mense. Daarom het Dowes die behoefte om ook as 'n unieke bedieningsgroep bedien te word. Dowes is visueel ingestel en omdat hulle woordeskat en taalontwikkeling beperk is, moet die boodskap van die evangelie eenvoudiger vir hulle aangebied word. Die Afrikaanse Bybel vir Dowes wat in 2008 in gebruik geneem is, maak wêreld oop vir Dowes. Daar word vertel dat volwasse Dowes, wat al oumas of oupas is, nou vir die eerste keer die geleentheid het om die Bybel te lees en te verstaan. Hierdie Afrikaanse Bybel is die eerste Bybel in Suid-Afrika wat spesiaal vir Dowes vertaal is en slegs die tweede Bybel in die wêreld spesiaal vir hierdie groep mense. Daar is 410 000 Dowes in Suid-Afrika, waarvan net meer as 4 000 toegang tot die Woord van God het.

**There4-Bedieninge wil vir elkeen dankie sê vir julle harde werk en al die donasies in verskeie vorme wat ons ontvang het vir ons reis na Egipte. Julle is baie kosbaar.**



Gebruik SnapScan en betaal jou:  
Dankoffer  
Maandelikse Bydrae  
Donasie, ens..